
**Ks1-007**

Kerkstraat tussen Potgieter- en Schubartstraat. **Krugerhuis.**

Foto-Bron:

-



Krugerhuis na 1902. Die ou heining voor die huis is hier vervang met 'n smeeyster heining.

Die erf waar die Krugerhuis staan, het hy van James Kelly vir £550 gekoop en daar het moontlik al sekere geboue op gestaan. Kelly het dit self in 1874 vir £15 gekoop van Lucas Bronkhorst se weduwee en dit het hom 19/- gekos om sy koop te laat registreer! Die erf was oosrpronklik heelwat langer na die noorde as vandag en het tot aan Vermeulenstraat geloop. [Pr-79 p27]

Klaarblyklik het Kruger gewag om vir hom 'n woonhuis te laat bou totdat daar oor sy politieke toekams sekerheid sou wees. In Mei 1883 het hy President geword en die huis is waarskynlik na hierdie datum gebou. Presiese gegewens oor die datums van die bou en voltooiing is nie te vinde nie omdat dit 'n private transaksie van die President was waaroor daar nie skriftelike bronne bestaan nie. Daar kan aangeneem word dat die huis gedeeltelik in sy afwesigheid gebou is want die President het Pretoria op 18 Augustus 1883 met die Deputasie verlaat en eers in Julie 1884 uit Europa teruggekeer. Toe was die huis [die derde Krugerhuis] naastenby klaar, want op Donderdag, 14 Augustus 1884, so lees ons in De Volksstem, het die President is ny "nuwe ampswoning" 'n eetmaal gegee vir lede van die Volksraad, regters, hoofde van die regeringsdepartemente en predikante. Daar was 60 persone teenwoordig en die verrigtinge het van 7:30 tot 10:30 die aand geduur. [Pr-79 p27]

Die bouplan vir die huis is opgestel deur Tom Claridge.  Die huis is nie volgens enige omskrewe boustyl opgerig nie.  Wat die pediment-gewels, die lys om die voordeur en gepleisterde lyswerk in die algemeen betref, sou ‘n mens kon praat van ‘n laat Renaissance-voorkoms wat die argitek daaraan gegee het.  Die verandas is weer van ‘n ontwerp wat Oosters  is.  In sy geheel is dit ‘n besonder stewige, ruim en tog eenvoudige woonhuis wat deur menigte besoeker van die verlede as ‘n “cottage” beskrywe is.  [Pr-79 p27]

Die bouer was Charles Clark, ‘n Engelssprekende van Pretoria wat in president Burgers se tyd al hier was en deur president Kruger as een van sy “mak Engelse” beskrywe is.  Clark en sy venoot Fred Herbert, het by die aanmaak van die sement ‘n sonderlinge metode gevolg.  Dit word deur twee van sy seuns [mnr Charles Clark, oud L.V. en mnr E. Clark] bevestig dat sement destyds ‘n nuwigheid in Pretoria was iemand het die wenk aan die hand gedoen dat melk ‘n beter bindmiddel vir sement was as water!  Dit is werklik uitgevoer.  Elke dag is alle beskikbare melk dan van Clark se huis op die hoek van Porgieter- en Schoemanstraat na die bouery in Kerkstraat gedra om die President se huis te bou.  Daar is verder gebruik gemaak van bakstene wat Clark in sy steengroewe gemaak het op die terrein waar nou die Spoorweë se goedereloods in Visagiestraat is.  [Pr-79 p27]

## Bibliografie


All-01  Allen, Vivien  **Kruger's Pretoria**.  1971  A.A. Balkema. Kaapstad

Bol-01  Bolsmann, Eric  **Pretoira Artist's Impressions 1857-2001**.  2001  Protea Boekhuis

Cha-01  Changuion, L.  **Fotobiografie: Paul Kruger in Beeld**.  1973  Perskor Uitgewery

Dun-01  Lola Dunston  **Young Pretoria 1889-1913**.  Lola Dunston Pretoria  1975

Eng-01  Engelbreght, S.P. [Dr.]  **Eeufees-Album. Pretoria se eerste eeu**.  J.L. van Schaik Beperk., Pretoria 1952

K-1879  **Compass Sketch Map of Pretoria, Transvaal**.  Compiled in Royal Engineer’ Office, Pretoria.  14.11.1879

K-1889  **Van Vooren, J. en Oerder, J.H.**:  Kaart van Pretoria Z.A.R.  (Schaal 400 Kaapsche [Rijnl.] voet = 1 Eng. dm)  1889.

K-1899  **Donaldson & Hill’s** New Map of the City of Pretoria and Subburbs.  Compiled by D. Seccadanari, Engineer and Carthographer.  Revised to Oct. 1904.  (Scale 600 Cape feet = 1 inch)

Lon-01  Longland  **Longland’s Pretoria Directory.**  1899

Mei-01 Meiring, Hannes **Pretoria 125** Human & Rousseau. Kaapstad 1981

Pr-025 Fitzsimons, V. A **short History of the Kruger House Musuem, Pretoria.** Pretoriana Nommer 25 [Desember] 1957

PR-079 **Die Krugerhuis** Pretoriana Nommer 79 [Junie] 1980

PR-109 De Jong, C. **Die Paul Kruger-Kerk 100 jaar.** Pretoriana Nommer 109 [Desember] 1996

Rex-02 Rex, H.M. [Dr] **Besienswaardighede in Pretoria**. Ongepubliseerde werk. Herv. Kerk Argiewe 1975

The-02 Theron, Bridget **Pretoria at War**. 2000 Protea Boekhuis